

Die toekoms lê in die monde van ons jeug

Gedurende Jeugdag en Jeugmaand is ons daaraan gewoond om terug te kyk na die verlede. Dit is nodig, want ons moet uit die verlede leer en sorg dat die jeug hulself nooit weer vir die politiek hoef op te offer nie. Die beste manier om dit te bereik is om na die toekoms te kyk en vir die jeug 'n toekoms te gee.

As taalmense moet ons dus vra: Hoe kan die inheemse tale sorg vir 'n beter toekoms vir die jeug en die land in sy geheel?

Daar is soms bemoedigende tekens dat sommige instellings begin om die waarde van die inheemse tale raak te sien en ernstig op te neem. 'n Mens voel byvoorbeeld verheugd om te hoor hoedat 'n PhD in isiZulu of in isiXhosa afgehandel word. Hierdie studente is pioniere van die inheemse tale.

Volgende jaar is ook die tiende verjaarsdag van 'n kreatiewe tweetalige honneursgraad aan die Universiteit van Limpopo. Hiermee het hierdie universiteit al dosyne gekwalifiseerde jongmense die wêreld ingestuur wat anders dink en voel oor taal en ernstig is oor die gebruik van die inheemse tale. Ons hoor ook van wonderlike vordering met moedertaalonderwys in die Oos-Kaap, en toenemend van skrywers wat boeke in inheemse tale skryf of regisseurs wat die inheemse tale in films gebruik.

In sekere gebiede maak ons dus bemoedigende vordering met die gebruik van die inheemse tale. Hierdie werk bevorder die status en aansien van ons tale en dui op 'n groeiende beweging vir die inheemse tale op voetsoolvlak - genoeg om mens se hart van trots te laat gloei.

Maar is dit genoeg? Is ons besig om die stryd in sy geheel te wen? Wat is die stryd?

Dit is nie 'n stryd teen Engels nie, want so 'n stryd kan mens net verloor. Die Engelse taal is eenvoudig net te magtig en te nuttig om dit te wil ignoreer of te opponeer. Ons behou dus Engels en waardeer die toegang wat dit ons tot die wêreld gee. Maar ons waardeer ook ons inheemse tale en vra onself af watter waarde hulle tot ons lewe toevoeg. Hoekom is hulle vir ons belangrik? Hoekom wil ons hê hulle moet gebruik word?

Dit is in die eerste plek dus 'n stryd *vir* ons inheemse tale eerder as *teen* Engels. Vir baie mense begin die stryd vir ons inheemse tale by die positiewe skakels tussen taal, kultuur en identiteit. Indien die sprekers van ons tale nie bewus is van hierdie skakel nie, weet hulle ook nie wat hulle kan verloor nie. Onder hierdie omstandighede is dit moeilik om 'n taal te bevorder.

Ons weet egter ook ons moet altyd by die positiewe aspekte van taal bly en dat ons nie die een taal teen die ander moet opstel nie. Om byvoorbeeld Afrikaans op te stel teen isiXhosa, of Sesotho teen isiZulu, of omgekeerd is beide sinneloos en gevaarlik. So 'n negatiewe benadering lei uiteindelik na uitsluitende, selfsugtige identiteite wat niks goed vir ons tale of die land inhou nie.

Dit gaan in die tweede plek dus om 'n stryd nie vir die eie inheemse taal nie maar 'n stryd vir *meertaligheid*. Op 'n kulturele vlak wil ons die wêreld nie net deur die oë van 'n enkele taal beleef nie, veral nie indien so baie van ons met daardie taal sukkel of nie daarmee kan identifiseer nie. Ons wil die hegemonie van 'n enkele taal in alle sektore van die gemeenskap verhinder en ruimte vir die inheemse tale skep.

Ons moet egter verder kyk as kultuur en identiteit, want die stryd vir meertaligheid gaan om veel meer as dit. Watter ander waarde voeg ons inheemse tale by wat Engels nie kan doen nie? Die enigste manier om hierdie vraag te beantwoord is om die netto waarde van meertaligheid te bepaal en vas te stel hoeveel eentaligheid ons kos.

Baie mense sou byvoorbeeld argumenteer dat Engels mens die beste toegang tot 'n opvoeding en 'n akademiese lewe gee. Dit is inderdaad die waarheid in die geval van baie middelklasstudente, maar wat van die res? Hoeveel jong mense word as gevolg van Engelse eentaligheid van 'n opvoeding ontnem en hoeveel slim kinders onderpresteer as gevolg daarvan? En hoe kan enigiemand uitsluiting deur Engelse eentaligheid verdedig?

Engels is ook die taal van die ekonomie, sou baie argumenteer – maar hoeveel mense word daardeur toegang tot die ekonomie geweier? Hoe kan inklusiewe ekonomiese groei deur Engels plaasvind wanneer so baie mense die taal nie bemeester het nie? En hoe kan maatskappye die beste groeipotensiaal bereik indien hulle in net een taal met hulle klante kommunikeer? Wat is die ekonomiese potensiaal van meertaligheid?

Kan 'n staatsdepartement of 'n hospitaal hulle dienste effektief deur slegs Engels bemark? Is goeie dienslewering deur slegs Engels hoegenaamd moontlik? En is 'n ware en deelnemende demokrasie op grond van slegs Engels haalbaar?

Kulturele selfvertroue en sosiale kohesie, inklusiewe en geregte ekonomiese groei en 'n ware grondwetlike demokrasie is moeilik binne 'n eentalige regime haalbaar. Meertaligheid is die beste manier om mense in te sluit en vir die jeug 'n toekoms te gee.

Dit is dus in die belang van die jeug om meertaligheid te bevorder, eerder as die oorgang na Engelse eentaligheid. Nog belangriker: alle instellings - van skole deur tot universiteite - behoort meer te doen om die inheemse tale aantreklik te maak en te sorg dat jongmense mekaar se tale leer praat.

Ons land se toekoms lê in die monde van ons jeug.